Hoofstuk 3

Suid-Afrika: oorsake, verloop en gevolge van blanke verset

3.1 Inleiding

Toe dit teen 1990 duidelik word dat 'n regering gedomineer deur die swart meerderheid onafwendbaar geword het, het die blanke verset daarteen, wat reeds in die tagtigerjare momentum in Suid-Afrika verkry het, verskerp.

Regse blanke organisasies soos die Konserwatiewe Party (KP), die Afrikaner Weerstandbeweging (AWB) en die South Africa First Campaign is voor 'n keuse gestel, naamlik om swart meerderheidsregering te aanvaar of om die instelling daarvan met geweld te probeer verhoed.

Daar word eers gelet op die vernaamste oorsake vir die ontstaan van die versetsbewegings en daarna op die versetsaksies en die redes waarom met hierdie aksies baie min bereik is.

3.2 Agtergrond en oorsake vir verset

3.2.1 Pogings tot hervorming van die apartheidstelsel en die ontstaan van regse opposisie daarteen

Die Nasionale Partyregering het tot ongeveer 1966 algemene Afrikanersteun geniet. Veral nadat B.J. Vorster in September 1966 premier geword het, het ontevredenheid met sekere regeringsmaatreëls onder 'n groep Afrikaners begin toeneem en uitgeloop op die stigting van die Herstigte Nasionale Party (HNP) in 1969. Dit was een van die eerste tekens dat mense in opstand begin kom het teen die afwatering van die apartheidsbeleid en die verwerping van bepaalde beginsels van Afrikanernasionalisme soos verwoord deur D.F. Malan, H.F. Verwoerd en ander leiers.[1]

Die direkte aanleiding vir die ontstaan van die HNP was die regering se "Gemengde sport"-beleid. Betogings teen Suid-Afrika en die land se toenemende isolasie op sportgebied het die regering gedwing om sy houding oor veelrassige sport en multinasionale sport te wysig. Die Nasionale Party (NP)-regering se besluit om sy tradisionele beleid ten opsigte van gemengde sport te hersien, sodat Maori-spelers in 'n

---

[1] D. Geldenhuys, ***The diplomacy of isolation: South African foreign policy making***, p.178.

Nieu-Seelandse toerspan in Suid-Afrika kon speel, en ter wille van toekomstige internasionale deelname, het opslae onder konserwatiewe blankes gemaak.[2]

Aanvanklik het die HNP nie 'n betekenisvolle impak op die politieke arena gehad nie, maar die 1981-verkiesing was 'n groot keerpunt vir die party toe hy 14,1% van die stemme gekry het, danksy die groterwordende vrees onder die blankes in die laer inkomstegroep, wat toenemend met die lyding van werkloosheid en armoede te kampe gehad het. Veranderinge in arbeidsverhoudinge en die goedkeuring van gemengde huwelike het gevaarligte dat blanke beheer aan die taan is, onder veral die minder intellektuele blankes laat flikker.[3]

Gedurende sy bewindstyd as premier en later staatspresident (1978-1989) het P.W. Botha nog veel meer hervorminge deurgevoer. Van die belangrikste hervormings was die instelling van die driekamerparlement, waarin Indiërs en Kleurlinge vir die eerste keer politieke verteenwoordiging verkry het, die herroeping van wette met betrekking tot die dra van passe en toegangsbeheer, en die skrapping van beide die Ontugwet en die Groepsgebiedewet.[4]

Vir die regse blanke groeperinge het die afskaffing van die toegangsbeheer- en paswette die gevaar ingehou dat tradisioneel blanke gebiede deur swartes geïnfiltreer sou word en misdaad in die gebiede hand oor hand sou toeneem.[5] Die konsep van magsdeling het vrees in die harte van baie blankes geskep, aangesien dit politieke integrasie van die verskillende bevolkingsgroepe geïmpliseer het.[6]

Die instelling van die driekamerparlement as 'n eerste stap op weg na magsdeling en die sukses van die HNP in die 1981-verkiesing het 'n nuwe groep ontevrede politici binne die NP aangespoor om weg te breek. In Maart 1982 het 18 NP-lede uit die party bedank nadat hulle geweier het om met die voorgestelde nuwe driekamerparlement akkoord te gaan. Hierdie groep politici was meer gematig as die HNP-politici en het van meet af aan groter respek by die kiesers afgedwing. Veral dr. A.P. Treurnicht, die leier van die

---

[2] A. Venter, ***South African government and politics: an introduction to its institutions, processes and policies***, p.129; B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***, p.432.

[3] A. Venter, ***South African government and politics*** ..., p.129.

[4] B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***, p.488.

[5] A. Crystal, ***The political protest communication of the Afrikaner Weerstandsbeweging*** (unp. M.A. dissertation, RAU, 1991), p.56.

[6] J J. Hyslop, "The impact of the ultra-right on South African politics", in G. Moss & I. Obery, ***South African review 4***, pp.395-397.

nuutgestigte Konserwatiewe Party (KP), het as 'n Nederduits-Gereformeerde predikant met 'n doktorsgraad in teologie, onberispelike Afrikaner geloofsbriewe gehad.[7]

Die KP kon op die aktiewe ondersteuning van prominente Suid-Afrikaners staat maak in sy stryd om Afrikanerideale te verdedig. Deur die vestiging van die Afrikaner Volkswag in 1983 as die teenvoeter vir die Afrikaner-Broederbond en pogings om beheer oor skoolkomitees, stadsrade en landbou-organisasies te bekom, het die KP weerstand teen hervorming gebied. Die steun vir die KP het sodanig uitgebrei dat die party in die verkiesing van Mei 1987 22 parlementêre setels verower het en die Progressiewe Federale Party (PFP) as amptelike opposisie vervang het, terwyl hy die HNP as regse spreekbuis verpletter het.[8]

Die politieke beleid van die KP was gebaseer op, soos hulle dit gestel het, 'n begeerte "om die regte ding" vir al die etniese groepe in die land te doen. Alle blanke Suid-Afrikaners is opgeroep om deel te hê aan regverdige en moreel verantwoordbare geografiese afskeiding sonder die baasskapbeginsel. Die KP het geglo dat elke nasie die reg moet hê om oor homself binne sy eie tuisland te regeer. Net wanneer 'n nasie homself regeer kon selfbeskikking op sy hoogste vlak beoefen en alle vrees vir sy oorlewing uitgeskakel word.[9]

Na 'n bestaan van slegs vyf jaar het die KP 26% van alle stemme op hom vergader en het die NP se steun verminder tot 52%. Die KP se steun het hoofsaaklik vanaf die stedelike middelklas, die laer middelklas en plattelandse kiesafdelings gekom, maar tot 25% van die hoër middelklas het KP-sentimente gehad. Hierbenewens het die KP ook die steun van die Afrikaner-Weerstandbeweging (AWB) geniet.[10]

Die verskerping van eksterne en interne druk op regse blankes gedurende 1988 tot 1989 het volgens Du Bruyn[11] tot drie belangrike tendense gelei. Dit het aanleiding gegee tot groeiende verdeeldheid in regse geledere, uiterste polarisasie tussen die blanke regtervleuel en die swart linkervleuel tot gevolg gehad en toenemende vervreemding en verwydering tussen die reaksionêre en verligte elemente binne die

---

[7] A. Venter, ***South African government and politics*** ..., p.129.

[8] A. Crystal, ***The Political Protest Communication of the Afrikaner Weerstandsbeweging*** , p 57

[9] A. Venter, ***South African government and politics*** ..., p.130; H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.134.

[10] A. Venter, ***South African government and politics*** ..., p.130.

[11] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding*** (ongep. M.A.-verhandeling, UOVS, 1994), p.159.

NP self in die hand gewerk.

Die groeiende verdeeldheid in regse geledere het direk verband gehou met die botsende standpunte rakende die regse politieke strategie. Terwyl die meer gematigde regses soos die KP-lede gehoop het op 'n magsoorname by die stembus, het hul konstitusionele strategie nie veel byval in die groeiende verregse geledere gevind nie. By die Afrikaner-weerstandsgroepe het die geweldopsie toenemend 'n metode geword waarvolgens Afrikaner-heerskappy herstel moes word.[12]

Dit is teen hierdie agtergrond dat die AWB, wat in 1973 deur sewe mans in 'n motorhuis in Heidelberg gestig is en wat aanvanklik nie juis aktief was nie, tot aksie oorgegaan en 'n faktor in regse politiek geword het. [13]

Van al die blanke weerstandsgroepe het die AWB met sy neo-Nazi beeld deurentyd die hoogste profiel gehandhaaf. Hoewel die beweging homself as 'n Boerestaat Party geregistreer het, het hy voortgegaan om die KP, soms tot frustrasie van die KP self, as sy parlementêre front te beskou. Die AWB het 'n interne struktuur onder 'n gesentraliseerde hoofraad gevestig en sy paramilitêre brandwagte aangemoedig om hulle wapens sigbaar in die openbaar te dra. 'n Jeugbeweging, die Stormvalke, is ontwikkel. Die welsprekendheid van die AWB-leier, Eugene Terre'Blanche, het groot gehore na AWB-byeenkomste gelok, tot wye mediadekking aanleiding gegee en die getal aanhangers laat groei. Die beeld van die organisasie het 'n nuwe dimensie gekry deurdat Engelstalige blankes wat die idee van rassemeerderwaardigheid aangehang het, tot die organisasie toegelaat is.[14]

Dat 'n vreesgebaseerde rassesentiment reeds sedert die 1820's in die geheuebank van die Engelssprekende deel van die blanke bevolking voortgeleef het en mettertyd deur die groterwordende kleurvraagstuk versterk is, kan sonder vrees vir teenspraak aanvaar word.[15] Plaaslike politieke en ekonomiese verwikkelinge, asook gebeure in Zimbabwe het talle Engelssprekende blankes polities regs laat beweeg. Clive Derby-Lewis, een van die prominente Engelssprekendes in die regse politiek, was van

---

[12] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.160.

[13] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.162.

[14] T.R.H. Davenport & C. Saunders, ***South Africa: a modern history***, p.478.

[15] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.28.

mening dat ontnugtering oor plaaslike gebeure, sowel as gebeure in die res van Afrika, selfs welvarende Engelssprekendes hulle heil by die NP of KP laat soek het.[16]

Eugene Terre'Blanche het die emosie en sentiment van sy sogenaamde "Boerevolk", wat homself in 'n krisis bevind het vanweë die "duistere magte" wat die Afrikaner wou vernietig, meesterlik uitgebuit. Soos in die dertigerjare, toe die Afrikaner hom ook in 'n bestaanskrisis bevind het, is die kwessie van etniese nasionalisme gestimuleer ten einde die regse Afrikaner op 'n rassegrondslag te mobiliseer.[17]

Die verregses se gereedmaking vir geweld kan verklaar word aan die hand van hul persepsie van 'n "groeiende swart bedreiging" en hul gevoel van politieke magteloosheid. Paramilitêre strukture is toenemend versterk en uitgebrei deurdat selfs vroue en kinders by militêre opleidingskampe betrek is. Die geweldsopsie is veral met erns bejeën deur groepe soos die Wit Wolwe en die Wit Bevrydingsleër, wat selfs nog verder regs as die AWB was. Die omvang van hierdie groepe bestaande uit hoofsaaklik mynwerkers van 'n laer inkomstegroep, arm blanke boere en regse elemente in die veiligheidsmagte, is onmoontlik om te bepaal vanweë die geheimhouding wat hulle omhul het.[18]

Baie van die ideologiese uitgangspunte oor Afrikanernasionalisme van die dertigerjare is opgediep en as propaganda deur die regses gebruik. Etniese nasionalisme gegrond op taal en kulturele waardes en die regse interpretasie van die situasie vanuit 'n Christelike perspektief het gelei tot gevaarlike teologiese fantasieë, soos dié van Barend Strydom, wat onder die invloed daarvan koelbloedig op swart mense in Pretoria losgebrand en talle gedood het in 'n handeling van onverbloemde rassehaat..[19]

---

[16] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.30; T.E. Claassen, ***Die grondslae van sosialisme by die Azanian People's Organisation (AZAPO) en die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB)*** (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, Jul. 1991), pp.175-180.

[17] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.161; M.A. van der Merwe, "Private armies with specific reference to the RSA", ***Strategic Review for Southern Africa***, vol. 13, no. 2, Nov. 1991, p.64.

[18] M.A. van der Merwe, "Private armies with specific reference to the RSA", ..., pp.63,64; H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.164; NTCI, "Political developments: right wing political forces", ***Current Affairs Update***, no. 1, Feb. 1994, p.5; B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***, p.278.

[19] T.R.H. Davenport & C. Saunders, ***South Africa: a modern history***, p.478; B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***, p.279; J. Grobbelaar, "Bittereinders: dilemmas and dynamics on the far right", in G. Moss & I. Obery, ***South African review 6***, p.106.

3.2.2 Ekonomiese agteruitgang

In Suid-Afrika het die apartheidstelsel bygedra tot ekonomiese ongelykhede.[20] Terwyl blankes slegs sowat 15% van die land se bevolking uitgemaak het, was hulle in die bevoorregte posisie dat hulle teen 1965 twee-derdes van alle inkomste verdien het. Namate nie-blankes 'n faktor in die arbeidsmark geword het, het die gaping tussen blank en nie-blank sodanig verklein dat blankes teen 1985 slegs 55% van die besteebare inkomste verdien het. Die loongapings in sekere professies was 'n 12:1 verhouding ten gunste van blankes.[21] Ten einde weg te beweeg van 'n blanke welvaartstaat en ter bevordering van die groei van 'n vrye markstelsel waarin beide swart en blank ewe veel te verloor sou hê, is radikale ekonomiese hervormings deurgevoer. Die resultaat van die arbeidshervorming was dat swart mense teen 1985 reeds 45% van die besteebare inkomste ontvang het en 'n toenemend belangrike rol in die ekonomie begin speel het.[22]

Een van die belangrikste maatreëls in die verband was die afskaffing van werkreservering ter wille van toenemende rasse-integrasie op arbeidsgebied. Die regering het terselfdertyd sy tradisionele rol as beskermer van die blanke werker afgeskaal deur 'n groot aantal blanke beroepe toeganklik te maak vir goedkoper swart arbeid. Die blanke se posisie in die arbeidsmark is bedreig deur die groot aantal swartes, wat volgens die nuwe maatreëls kon registreer as vakleerlinge. Swart vakleerlinge het van 1981 tot 1985 agtvoudig vermeerder. Die groter outomatisasie van verskillende nywerhede het veral blanke handearbeiders se posisie bedreig en groot getalle van hierdie broodwinners het afdankings ter wille van besnoeiing in die gesig gestaar. Die ekonomiese resessie van die tagtigerjare het 'n groot invloed gehad op die skerp styging in blanke werkloosheidsyfers. Die salarisse van blankes het gedaal en die aantal blanke besighede, wat bankrot verklaar is, het in 1985 verviervoudig.[23]

Die 1986-oorwinning van die HNP in Sasolburg kan gesien word as blanke werkers se verset teen die agtergrond van 'n voortslepende resessie, nuwe vrye mark beleid,

---

[20] A. Venter, ***South African government and politics*** ..., p.202.

[21] A. Venter, ***South African government and politics*** ..., p.207.

[22] A. Venter, ***South African government and politics*** ..., p.208.

[23] A. Crystal, ***The political protest communication of the Afrikaner*** ..., p.59.

besnoeiings op tradisionele subsidies, 'n verhoging in verkoopsbelasting en gemargaliseerde blanke arbeid.[24]

'n Bydraende faktor tot die verarming van die blanke was die belastinglas wat hulle moes dra. Die regses het geargumenteer dat daar 'n ernstige wanbalans ten gunste van swartes was by die bepaling en betaling van belastings. Veral AWB-ondersteuners het gevoel dat die blankes nie langer daartoe in staat is om ander rassegoepe te finansier ten koste van hulself nie. Die bedenklike ekonomiese situasie is vererger deur die wettiging van vakbonde, wat gelei het tot meer stakings.[25]

Die ekonomiese strafmaatreëls, wat sedert die laat-tagtigerjare wêreldwyd teen Suid-Afrika ingestel is, het beslis sy tol begin eis. Sanksies het die ekonomie in die breë geskaad en die blanke werkersklas was die slagoffers van die resessie. Suid-Afrika se ekonomiese posisie het in die era sedert 1987 verswak van sewe-en-twintigste op die wêreldranglys van welvarende lande tot drie-en-veertigste in 1993.[26] Hierdie situasie het die opposisiepartye verder versterk. In die 1989-verkiesing moes die NP twaalf setels aan die Demokratiese Party en sewentien setels aan die Konserwatiewe Party afstaan, terwyl ekonomiese oorlewing eerder as ekonomiese groei die fokus van die Suid-Afrikaanse ekonomie geword het. Hierdie politieke en ekonomiese realiteite het die NP-regering gedwing om hervorming te versnel.[27]

Teen Junie 1993 was streng valutabeheerregulasies noodsaaklik om die geweldige uitvloei van kapitaal uit die land te keer namate die politieke onsekerheid sakelui verontrus het. Die land se goud- en buitelandse reserwes het maandeliks gedaal namate die politieke onrus toegeneem en die totale ekonomiese en politieke prentjie al hoe donkerder geword het.[28]

Waar nywerheidsaksie tot 1993 tot swart werknemers beperk was, het blanke werknemers se onsekerheid oor die politieke situasie en hulle toekoms in die land vakbonde genoop om te verpolitiseer. Vakbonduitsprake oor selfbeskikking vir die Afrikaner was aan die orde van die dag namate blanke werkers "ryp" vir deelname aan nywerheidsaksie geword het, soos wat die stakings van blanke ambagsmanne by

---

[24] H. Adam, "The ultra-right in South Africa", ***Optima***, vol. 35, no. 1, Mar. 1987, p.38.

[25] A. Crystal, ***The political protest communication of the Afrikaner*** ..., p.60.

[26] A. Venter, ***South African government and politics*** ..., p.206.

[27] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.168; B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***...p526

[28] De Wet Nel, "Reserwes steeds onder druk", ***Finansies & Tegniek***, 11 Jun. 1993, p.16.

Volkswagen en van werknemers van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) getoon het.[29]

3.2.3 Die militarisering van Suid-Afrika na 1975

Gedurende die middel-sewentigerjare het drie verwikkelinge met verreikende implikasies vir die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis plaasgevind. Die staatsgreep in Portugal het gelei tot die magsoorname van swart kommunistiesgesinde regerings in Mosambiek en Angola en het die rewolusionêre klimaat in Suid-Afrika verhoog. Terselfdertyd het grootskaalse onrus in Soweto uitgebreek en rassespanning in Suid-Afrika 'n realiteit, wat nie geïgnoreer kon word nie, gemaak. In 1976 is die Erika Theron kommissie se verslag oor die Kleurlinge ter tafel gelê waarin aanbeveel is dat die Suid-Afrikaanse grondwet gewysig word ten einde politieke regte aan die Kleurlinge en Indiërs te gee.[30]

Gebeure in Angola het die Suid-Afrikaanse regering genoop om in te gryp om magsoorname deur 'n vyandige Movimento Popular de Libertacao de Angola (MPLA) regering te voorkom. Russiese en Kubaanse steun aan die MPLA en vrese oor kommunistiese ekspansionisme was 'n verdere dryfveer vir optrede deur die Suid-Afrikaanse weermag.[31]

Vanaf 1975 het die regering, en veral P.W. Botha as Minister van Verdediging, die land gemilitariseer ten einde te kon weerstand bied teen die "totale aanslag". Suid-Afrika is al hoe meer betrek by die Angolese oorlog deurdat meer as R20 miljoen se wapens vir die Frente Nacional de Libertacao de Angola (FNLA) en Unicao Nacional Para a Independencia Total a Angola (UNITA) aangekoop is en duisende soldate ontplooi is om die Ruacana-dam, wat met Suid-Afrikaanse kapitaal gebou is, te beskerm. Al hoe groter verdedigingbegrotings is deur die kabinet goedgekeur ten einde die land paraat te maak teen die gevare van dreigende kommunisme. Die militêre administrasie is gestroomlyn en verpligte militêre diens is uitgebrei namate die breë bevolking aan weermagpropaganda en jong manne aan die gevare van die grensoorloë blootgestel is. Deelname aan die Rhodesiese bosoorlog en die pogings om die insypeling van vegters van die South West African People's Organisation (SWAPO) in Suidwes-Afrika

---

[29] A. Smidt, "Sal regse massa-aksie werk?", ***Finansies & Tegniek***, 11 Jun. 1993, p.16.

[30] B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***, p.433.

[31] B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***, p.452.

(tans Namibië) te stuit, het elke blanke huishouding in die land geraak.[32]

Veral omdat daar 'n verbod op die verskaffing van wapens aan Suid-Afrika ingestel is, het die regering self 'n groot wapenvervaardigingsnywerheid (Krygkor) opgebou. Krygkor het die land nie net selfvoorsienend gemaak nie, maar ook 'n florerende wapenuitvoerbedryf gevestig waarmee buitelandse valuta verdien is.[33]

Tot 1980 het die P.W. Botha-regering daarin geslaag om die magtigste weermag in die kontinent tot stand te bring en het hy vanuit niks die wêreld se elfde grootste wapennywerheid met 'n jaarlikse omset van R3 biljoen geskep. Botha het die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) omskep tot 'n magtige wapen tot sy eie en die land se voordeel. Hy kon, moontlik gedeeltelik danksy die uitbuiting van die vreeskompleks van die blanke vir die Rooi Gevaar (ook by implikasie die Swart Gevaar), as sterk politieke figuur vir baie jare die leisels stewig vashou en die gang van politieke verandering beheer.[34]

Dit sou vanuit hierdie kader wees waaruit regse leiers, soos generaal Constand Viljoen, later sou verskyn om weerstand teen hervorming te bied.

3.2.4 Godsdienstige skeuring

Verskeie kerke en kerkleiers, waaronder Beyers Naudé en sy Christelike Instituut, het apartheid reeds vanaf 1963 op Christelike gronde veroordeel. Die instituut se optrede het die aktiwiteite van die reeds verpolitiseerde onafhanklike kerke gekoördineer. 'n Nuwe bevrydingsteologie, wat die gebruik van geweld geregverdig het teen 'n politieke stelsel wat swart mense ekonomiese geleenthede en politieke regte misgun het, het ontstaan. Suid-Afrika het ook op kerklike gebied gepolariseerd geraak deurdat sommige kerke die regering gesteun het en ander hulle sterker teen apartheid verset het. Die siening van dr. Allan Boesak, in 1982 president van die Wêreldraad van Gereformeerde Kerke, het gelei tot die verdoeming van apartheid as 'n dwaalleer deur die Wêreldraad. Gewapen met die steun van die Wêreldraad van Kerke het Boesak en

---

[32] B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***, p.452; H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.165.

[33] D. Geldenhuys, ***The diplomacy of isolation*** ..., p.509.

[34] B. Pottinger, ***The imperial presidency: P.W. Botha the first 10 years***, p.6.

die Anglikaanse aartsbiskop van Kaapstad, Desmond Tutu, 'n internasionale sanksieveldtog teen die Republiek begin.[35]

Hervorming het die fondamente van die Afrikaner se geloofsbastion geskud. Voorheen is die bestaan van apartheid vanuit Bybelse gronde geregverdig, maar nuwe perspektiewe het gelei tot onsekerheid en verdeeldheid onder die reformatoriese Afrikaanse gemeenskap oor hierdie saak. In 1986 het die Nederduits-Gereformeerde Kerk se beleidstuk *Kerk en samelewing* verskyn, waarin die NG Kerk standpunt teen die Bybelse regverdiging van apartheid ingeneem het. Die veranderende siening in die NG Kerk het daartoe gelei dat meer regse blankes teen die NG Kerk en die regering gedraai het. [36]

Die AWB en ander regses glo dat die apartheidsideologie Bybels gefundeerd is. Volgens hulle erken apartheid in sy suiwerste vorm die diversiteit van nasies, elk met sy eie kultuur, geskiedenis en identiteit. Die nuwe perspektiewe op die Bybel deur kerklikes is allerweë deur die regses as kommunistiese propaganda afgemaak en is beskou as 'n poging van die regerende party om sy "verraad" teenoor die blankes te regverdig. Regses het toenemend begin glo dat die regering sy kulturele, politieke en ekonomiese verpligtinge teenoor die Afrikaner oorboord gooi en dat selfs die kerke ingespan word in die proses om die Afrikaner te benadeel en van sy regte te vervreem.[37] Talle regsgesindes het die NG Kerk verlaat het en die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) gestig.[38]

3.2.5 Regse ideologie

Daar behoort onderskei te word tussen apartheidsideologie en regse ideologie, hoewel talle aspekte daarvan ooreenstem. Hierdie ideologieë word veral van mekaar onderskei op grond van die omstandighede waaronder dit beslag gekry het eerder as die aard en kenmerke daarvan.[39]

---

[35] T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history***, p.538.

[36] T.R.H. Davenport & C. Saunders, ***South Africa: a modern history***, pp.681-690

[37] H. Adam, "The ultra-right in South Africa", ..., pp.39,40; A. Crystal, ***The political protest communication of the Afrikaner*** ..., p.58.

[38] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.170.

[39] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.56.

Volgens Du Bruÿn is selfbeskikking, partisie, rasse-eksklusiwiteit, uitverkiesing en anti-kommunisme sleutelbegrippe in die regse ideologie. Christelike blanke selfbehoud en selfbeskikking staan sentraal en kan as basis van die regse beweging aanvaar word. Vir die regse vleuel blyk die reg op rassediskriminasie en etniese vooroordeel moreel regverdigbaar te wees. Hiervolgens is selfbeskikking 'n norm wat geen vorm van magsdeling met "vreemdsoortiges" duld nie. Uit die selfbeskikkingsidee groei die partisie-beginsel, waarvolgens die Suid-Afrikaanse samelewing langs etniese lyne verdeel behoort te word en elke nasie of volk die reg tot sy eie tuisland of vaderland moet hê. Hierdie beginsel is deur regses beskou as enigste alternatief vir die konsep van nie-rassigheid binne 'n eenheidstaat.

In samehang hiermee behoort die kwessie van rasse-eksklusiwiteit gesien te word. In veral verregse geledere word enige vorm van rassevermenging verwerp as 'n oortreding van die natuurwet. Die regse groepe verskil in hulle interpretasie en toepassing van wie deel van die "volk" behoort te wees, maar dit blyk deurgaans ten minste blankes en Afrikaanssprekendes, wat hulle moes beywer vir die voortsetting (of tans herstel) van blanke alleenheerskappy, te wees.[40]

Net soos die NP vroeër, is die regses duidelik anti-kommunisties en gekant teen liberale internasionale magte en beïnvloeding. Die ontstaan van 'n regse ideologie hang saam met die vorming van 'n subkultuur onder regse Afrikaners, soos J.C.R. Liebenberg aantoon.[41]

Regverdiging vir die bestaan van versetbewegings soos die AWB word volgens Liebenberg daarin gevind dat die blanke en veral die Afrikanerkultuur verhewe is bo ander en dat hierdie kultuur, wat voortspruit uit die "volksiel", heilig is. Hiervolgens word aanvaar dat sosialisering alleen binne die volk en die kultuur kan plaasvind. Die besondere kenmerke van die subkultuur kom na vore in dinge soos embleme, vlae en motorfietskommando's.[42] Deur die skepping van 'n subkultuur met 'n sterk ideologiese karakter binne die heterogene kulturele samestelling van Suid-Afrika was die AWB in staat om gemoedere aan te hits en rassespanning en konflik te vererger, veral aangesien dit onverdraagsaam teenoor die gesprek rondom groter demokratisering

---

[40] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.60.

[41] J.C.R. Liebenberg, "'n Sosiologies-historiese ontleding van die Afrikaner Weerstandsbeweging as 'n subkultuur", ***Joernaal vir Eietydse Geskiedenis***, vol. 14, no. 1, Jun. 1989, p.22.

[42] J.C.R. Liebenberg, "'n Sosiologies-historiese ontleding van die Afrikaner Weerstandsbeweging as 'n subkultuur", ..., p.29.

gestaan het. Die bestaan en die groei van dié subkultuur na regs het die konflikpotensiaal tussen maatskaplike groepe in Suid-Afrika vergroot.

Een van die belangrikste instrumente vir die skep van die regse subkultuur was die charismatiese leier van die AWB, Eugene Terre'Blanche, wat met sy welsprekendheid nasionale-kulturele sentimente bevorder het deur veral klem te lê op die partikuliere eie belang met die uitdruklike uitsluiting van ander groepe se belange.[43]

Die AWB se politieke beleid toon bepaalde ooreenkomste met die Duitse nasionaal-sosialisme, 'n ideologie wat reeds in die veertigerjare aanhangers in Suid-Afrika gehad het. Hierdie ooreenkomste sluit in 'n volkstaat-ideaal, nasionalisme, ekspansionisme, die aanvaarding van geweld as middel tot verandering en die siening van ander volke as in 'n mindere posisie as die blanke.[44]

3.2.6 Samevatting

Die mislukking van apartheid en die regering se hervormingsmaatreëls, die aantasting van Christelik-nasionale en kulturele waardes, sowel as die agteruitgang van die ekonomie en gepaardgaande verarming van die blanke as eens bevoorregte groep het die teelaarde gevorm vir die groeiende blanke verset teen hervorming.

Die eiesoortige politieke en ekonomiese situasie het stukrag verleen aan veral die ontstaan, vestiging en groei van die AWB en ander kleiner regse groeperinge. Vanaf 1989, met die bewindsaanvaarding van F.W. de Klerk, is hervorming versnel en is daagliks nader beweeg aan die integrasie van die verskillende bevolkingsgroepe op 'n gelyke basis binne een politieke en ekonomiese stelsel. Integrasie is deur 'n groot deel van die blanke bevolking gevrees, veral vanweë die persepsie dat die tradisies, rassuiwerheid en kulturele karakter van die Afrikaner in die slag sou bly. 'n Ander belangrike persepsie onder blankes was dat die pogings van die NP om integrasie te bewerkstellig noodwendig sou lei tot die totstandkoming van 'n swart, kommunistiese regering.

Die redes vir die ontstaan en fenomenale groei van blanke regse versetgroepe kan in 'n neutedop saamgevat word as synde 'n algemene ontevredenheid met en wantroue in die regering, en blankes se vrees vir 'n toelkoms as minderheidsgroep sonder politieke

---

[43] P.L. Berger & B. Godsell, ***A future South Africa: visions, strategies and realities***, p.59; A.Crystal, ***The Political Protest Communication of the Afrikaner Weerstandsbeweging***, pp.225-227

[44] T.E. Claassen, ***Die grondslae van sosialisme by die Azanian People's Organisation (AZAPO)*** ..., p.232.

mag. Die emosionele propaganda van regse leiers het aanklank gevind by die sentimente van 'n bedreigde en verarmde groep blankes in hul stryd om selfbehoud.

Die Rubicon, wat P.W. Botha in 1985 nie wou oorsteek nie, is in 1990 deur De Klerk oorgesteek. Terwyl politieke verandering entoesiasties deur plaaslike swart politieke groeperinge begroet is, het die menings onder blankes gewissel tussen versigtige optimisme, sinisme, skeptisisme tot verontwaardiging en woede. Blanke emosies is egter deurentyd deur in 'n mindere of meerdere mate deur vrees gekleur.

Die spoed waarteen hervorming plaasgevind het, sowel as die aard en omvang daarvan, het die persepsie by regses versterk dat die regering besig was om 'n onomkeerbare weg in te slaan. Hervormings soos die oopstel van hospitale vir alle rasse, die invoer van gemengde plaaslike bestuur, en die afskaffing in 1991 van die laaste apartheidswette soos die Wet op Bevolkingsregistrasie het regses laat besef dat die ou apartheidsorde nie meer herstel kon word deur 'n oorwinning by die stembus nie.[45]

3.3 Die aard en grootte van die versetsgroepe

In die vorige afdeling het enkele belangrike kenmerke van die AWB en ander regse versetsorganisassies na vore gekom. In aansluiting daarby word nog enkele opmerkings gemaak.

Dit is moeilik om die presiese grootte van die regse versetsgroepe te bepaal. Die getal lede in elkeen van die onderskeie regse groepe kan slegs geraam word, aangesien ledelyste onbekombaar is. Daar word beweer dat daar nie minder nie as 193 partye en "leërs" regs van die KP bestaan het. Hiervan is die bekendste en belangrikste die AWB. Volgens *Africa Confidential* [46] het die AWB teen 1992 tussen 7 000 en 10 000 lede gehad. Die Ystergarde, wat deel gevorm het van die wenkommando van die AWB, was hiervolgens ongeveer 5 000 man sterk.[47]

Politieke kenners is van mening dat die werklike regse bedreiging die radikale paramilitêre organisasies soos die Afrikaner Volkstaatbeweging, die Wit Wolwe, die Wit

---

[45] H.J. du Bruÿn, ***Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948*** ..., p.184; T.R.H. Davenport & C. Saunders, ***South Africa: a modern history***, pp. 654-568

[46] P. Smith, "Bittereinders prepares for the last span", ***Africa Confidential***, p5-6

[47] J.A. Coetzer, "Die omvang van regse geweld in Suid-Afrika", p.1; A. Crystal, ***The Political Protest Communication of the Afrikaner Weerstandsbeweging***..., pp.131-132

Bevrydingsleër, die Orde Boerevolk, die Boerevolk-organisasie en die Boere Republikeinse Leër was. Hierdie organisasies het waarskynlik veral bestaan uit mynwerkers, arm boere wat deur swart ontwikkeling bedreig gevoel het en regse elemente in die veiligheidsmagte.[48]

Die regse bedreiging was veral skrikwekkend in die lig van die uitsprake van regse politieke leiers soos prof. P.C. Schabort van die Blanke Bevrydingsbeweging (BBB), wat sy party onbeskroomd as rassisties en regs van die AWB geplaas het. Hy het gesê: "Ons glo in die genetiese superioriteit van die blanke ras en sy plig om die dekadente neiging van die swart rasse om die planeet te vernietig, te beëindig."[49] Die BBB het bande met internasionale regse organisasies gehad en hom beywer vir 'n wêreldwye stryd ter wille van "die oorlewing van die blanke ras en die planeet".[50]

'n Kompliserende aspek van die regse verset was sy bande met regse en ultraregse organisasies wat hulle wêreldwyd beywer vir die handhawing van Westerse idees, kultuur en beskawing. Na die sluipmoord in 1993 op die African National Congress (ANC)-leier Chris Hani en Clive Derby-Lewis se inhegtenisname vir sy beweerde medepligtigheid, is sy betrokkenheid by 'n internasionale web van regses, waaronder die Renamo-rebelle in Mosambiek, die Unita-rebellebeweging in Angola en die El Salvador-moordbendes, onthul.[51]

Die gevaar van die regse versetgroepe het veral daarin gelê dat baie lede vroeër dienspligtiges was wat deur die weermag deeglik opgelei is in guerilla-oorlogvoering. Baie van die groepe was fanaties oor hulle wit baasskap en bereid om hulle lewenswyse met alle middele tot hulle beskikking te beskerm.[52]

---

[48] J.A. Coetzer, "Die omvang van regse geweld in Suid-Afrika", ..., p.153; P.L. Berger & B. Godsell, ***A future South Africa*** ..., p.59. Vgl. ook NTCI, "Political developments: right wing political forces", ***Current Affairs Update***, no. 1, Aug. 1993, p. 40, waarin die vorming van nog 'n organisasie, die Boere Aksie Front (BAF), onder leiding van Henry de Beer, 'n geskorste lid van die AWB, bespreek word.

[49] P.L. Berger & B. Godsell, ***A future South Africa*** ..., p.61.

[50] P.L. Berger & B. Godsell, ***A future South Africa*** ..., p.61.

[51] C. Terreblanche, "Die regse pluimsaad waai ver", ***De Suid-Afrikaan***, Aug. 1993, pp.12-15; P.L. Berger & B. Godsell, ***A future South Africa*** ..., p.61.

[52] C. Terreblanche, 'Die regse pluimsaad waai ver", ***De Suid-Afrikaan***, Aug. 1993, pp.12-15; P.L. Berger & B. Godsell, ***A future South Africa*** ..., p.61.

3.4 Die verloop van regse verset

3.4.1 Die periode 1990-1993

Met die bewindsoorname van F.W. de Klerk in 1989 was dit gou duidelik dat 'n nuwe era in Suid-Afrikaanse politiek begin het. Praktiese politiek het De Klerk en die NP stelselmatig laat besef dat apartheid nie op die lang duur werkbaar sou wees nie en dat sake sou moes verander.[53] Internasionale blootstelling en beïnvloeding deur leiers soos Margaret Thatcher en Helmut Kohl en veral die val van die Sowjet-Unie en die kommunistiese regerings van Oos-Europa het bygedra tot De Klerk se besluit om ingrypende hervormings deur te voer. Talle bosberade met sy ministers het gelei tot dramatiese besluite, wat begin het met sy toespraak op 2 Februarie 1990 waartydens Nelson Mandela se vrylating en die ontbanning van talle verbode en rewolusionêre organisasies aangekondig is.[54] Na 2 Februarie 1990 kon De Klerk en die NP nie meer terugdraai op hul ingeslane weg nie. Hervorming moes ten alle koste, ferm en dinamies deurgevoer word. Dit het gelei tot onderhandelinge met die ANC en ander politieke organisasies, wat uiteindelik uitgeloop het op die opstel van 'n tussentydse grondwet en die uitroep van 'n algemene verkiesing in April 1994 waaraan alle volwasse inwoners van die land sou deelneem. In die proses het De Klerk hom die gramskap van 'n groot deel van die blanke Afrikanerbevolking op die hals gehaal en is hy deur 'n groot deel van sy voormalige ondersteuners gebrandmerk as 'n verraaier, wat met die vyand heul tot nadeel van sy eie ras. Die regse verset teen De Klerk en die NP het al sterker geword.[55]

Die toespraak van Februarie 1990 was die sneller vir die eerste weerstandsfase. Dreigemente dat sy voortgesette hervormingsbeleid 'n Derde Boere-oorlog tot gevolg sou hê, is allerweë deur regses geuiter. Dat dit nie ydele dreigemente was nie, is bewys deur 56 voorvalle van terreur gedurende 1990. Hierdie aanvangsfase kan hoofsaaklik beskryf word as 'n aktiewe, dog ongekoördineerde fase.[56]

Die regse terreurvoorvalle van 1990 was egter nie baie suksesvol nie, aangesien 84% daarvan deur die polisie opgelos is en die skuldiges aangekeer is. Die regses is

---

[53] A. Sparks, ***Tomorrow is another country: the inside story of South Africa's negotiated revolution***, p.91; B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***, pp.520-525.

[54] D. Geldenhuys, ***The diplomacy of isolation*** ..., pp.205-216.

[55] B.J. Liebenberg & S.B. Spies, ***South Africa in the 20th century***, pp.525-533; T.R.H. Davenport & C. Saunders, ***South Africa: a modern history***, p. 605; E. Grobbelaar, "Afrikaners skiet op mekaar", ***Beeld***, 12 Aug. 1991, p. 10; F. Lotter & P. Kruger, "Nog weerstand kan kom oor FW", ***Beeld***, 12 Aug. 1991, p.9.

[56] J.A. Coetzer, "Die omvang en regse geweld in Suid-Afrika", ..., p.155.

gedwing om van strategie te verander en het hulle openlike aggressiewe optrede van 1990 vervang met 'n klassieke revolusionêre organisatoriese fase. Kommunikasiekanale is opgestel, bevelstrukture is uitgewerk, daar is gedesentraliseer, teikens en optredes is bepaal en veral die AWB en die Boere Vryheidsbeweging het 'n groot hoeveelheid opleidingskampe gehou. Kommunikasiestelsels soos poskantore en kragstasies, sekere nie-rassige (model B) skole en die eiendom van die polisie is as teikens vir sabotasie geselekteer.[57]

Van die vernaamste voorvalle van regse geweld sedert 1990 is die volgende:

- 23 Mei 1990: 'n AWB-bom verwoes onvervangbare kultuurskatte in Melrose Huis in Pretoria, omdat dit volgens die AWB 'n monument vir Britse imperialisme is.
- 26 Mei 1990: 'n AWB-bom ontplof in die kantoor van die Food and Allied Workers' Union (FAWU) op Rustenburg omdat die ANC openlik lede op Rustenburg werf.
- 22 Junie 1990: Bomme verwoes die NP-kantore in Aucklandpark omdat die NP besig was om met die ANC te onderhandel.
- 29 Junie 1990: 'n Bom ontplof by die huis van mnr. Clive Gilbert, 'n DP-stadsraadslid van Johannesburg. Daarna en tot op 6 Julie 1990 loop verskeie politici en instansies se huise onder bomaanvalle deur, maar sonder dat mense beseer of gedood word.
- 6 Julie 1990: 'n Bom geplant deur die Wit Bevrydingsleër ontplof in 'n vullisdrom in Breëstraat, Johannesburg , en 28 mense word beseer.
- 13 Julie 1990: 'n Bom ontplof in die Hotel Richmond in Florida, Roodepoort, en eis die lewe van 'n swart kelner.
- 14 Julie 1990: 'n Onbekende ploftoestel ontplof by die huis van 'n regse, ene mnr. Binneman, nadat hy sou geweier het om aan onbekende regses se wens te voldoen om iemand te huisves.
- Talle bomme ontplof gedurende die loop van 1990 en 1991 by plekke soos die NP-kantore in Bloemfontein en Waterkloof, 'n kitskos-restaurant in Pretoria, die Beeld-kantore in Johannesburg, die Avalon-teater in Fordsburg, die Amerikaanse ambassade in Pretoria en 'n vakbondkantoor in Durban.
- Skole word op 14 Julie 1991 ook teikens vir bomaanvalle nadat die KP, die Boere-Vryheidsbeweging en ander regse partye hulle misnoeë te kenne gegee het oor die

---

[57] J.A. Coetzer, "Die omvang en regse geweld in Suid-Afrika", ..., p.157.

akkommodasie van 700 kinders van ANC-uitgewekenes uit Tanzanië in die ou Hillview-skool in Pretoria. Twee bomme, waarvoor beide die Wit Wolwe en die Wit Republikeinse Leër verantwoordelikheid aanvaar, ontplof binne 'n week by die skool. Op 16 Desember 1991 skud 'n kragtige bomontploffing ook die veelrassige Witkoppiesskool in Klerksdorp. Hierna volg ontploffings by die Lowveld High School op Nelspruit en die Laerskool Melkrivier naby Potgietersrus.[58]

'n *Oorlog in* die kleine het op 9 Augustus 1991 uitgebreek. Drie mense is dood en talle ander is ernstig beseer toe 'n geveg tussen die polisie en 'n groep regses, wat 'n toespraak deur mnr. F.W. de Klerk in die Ventersdorp-stadsaal wou ontwrig. Vyftien AWB-lede het kort na die sogenaamde "Slag van Ventersdorp" in die hof verskyn op aanklagte van openbare geweld. Gerugte het die rondte gedoen dat die AWB beplan het om die aand van De Klerk se vergadering op Ventersdorp 'n aanslag op sy lewe te maak, aangesien hy deur hulle as verraaier van die blanke Afrikaner beskou is.[59]

Die KP het binne dae na die voorval saam met ander verregse partye die kant van die AWB-lede gekies en De Klerk en die regering die skuld gegee vir die gebeure op Ventersdorp. Hulle het dit onder meer beskryf as 'n oorlog wat plaasgevind het en gedreig dat toenemende weerstand teen De Klerk se hervormingsbeleid te wagte kan wees.[60]

Die KP het sy posisie verduidelik deur by monde van sy leier, dr. Andries Treurnicht, De Klerk daarvan te beskuldig dat hy gewaarsku is dat hy onwelkom op Ventersdorp was. Die Regering is beskuldig dat hy nie die plakkersprobleem in die Ventersdorp-gebied bevredigend hanteer het nie, 'n openbare vergadering geadverteer het en daarna die veiligheidsmagte opdrag gegee het om ontevrede kiesers te verhinder om dit by te woon.[61]

Die regse bedreiging is gedurende November 1991 onderstreep deur die uitslag van die tussenverkiesing in Virginia. Die NP moes sy setel aan die KP afstaan, terwyl daar ook op die Transvaalse platteland 'n swaai na regs was. KP-propaganda oor die "swart gevaar" en die ekonomiese agteruitgang in die land het aanleiding gegee tot

---

58 J.A. Coetzer, "Die omvang en regse geweld in Suid-Afrika", ..., p.168.

59 G. van der Westhuizen, "Niemand wis dat FW in 'n helikopter sou aankom - Piet", ***Beeld***, 11 Jun. 1993, p.2; I. van Jaarsveld, "AWB wou FW politieke pak gee, getuig emosionele ET", ***Beeld***, 12 Aug. 1993, p.4; L. Laubscher, "Polisie was nie die aanvallers op Ventersdorp", ***Beeld***, 18 Aug. 1993, p.4.

60 F. Lotter & P. Kruger, "Nog weerstand kom oor FW", ***Beeld***, 12 Aug. 1991, p.9.

61 I. Capraro, ""Volk" sal ontslae raak van Regering, sê KP-leier", ***Beeld***, 17 Aug. 1991, p.2.

haatpolitiek en geweld. Die verregse bedreiging het soos 'n skaduwee oor die veelpartykonferensie gehang.

Gedurende Januarie tot einde Maart 1992 het dit gelyk asof die regses die stryd met groter intensiteit benader het. Bomontploffings het gedurende Januarie geweldig toegeneem en die teikens was veral skole, poskantore en die kantoor van die belastinggaarder. Nadat tien Oosrandse verregses in April 1992 na die kleefmynontploffing by die Randse Paasskou in hegtenis geneem is, het die ontploffings tydelik opgehou. Op 15 November 1992 het die vlaag ontploffings opnuut begin toe 'n bom, geplant deur die Boere-Republikeinse Leër, in 'n asblik in Bloedstraat, Pretoria ontplof het.[62]

Wapens ter waarde van ongeveer R134 000 is net na Kersfees 1992 by die Welkom-kommando gesteel en ses mans is in verband met die diefstal vervolg. Hernude ywer het in regse geledere opgevlam en op 4 Januarie 1993 het 'n bom by 'n plaaswinkel in Patensie, wat aan 'n blanke ANC-lid behoort het, ontplof. Vier AWB-lede is in verband met die voorval in hegtenis geneem. Die Britse Veiligheidsdiens het vroeg in Januarie 1993 twee Suid-Afrikaners, wat probeer het om wapens van 'n internasionale sindikaat te koop, in London betrap.[63]

In Potchefstroom het regses 'n dokter met 'n praktyk vir swart mense geterroriseer deur sy motor en motorafdak aan die brand te steek. Daar was verdere brandstigting toe verregses gedurende Februarie 1993 op 'n swart behuisingsontwikkelingskema by Kingsburgh aan die Natalse Suidkus toeslaan.[64]

Op10 April 1993 het 'n Poolse immigrant, Janusz Walus, Chris Hani, leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party voor sy huis in Boksburg doodgeskiet. Walus was geaffilieer met die KP, die AWB en die Wit Wolwe. 'n Moordlys met 10 name is in Walus se woonstel gevind. 'n Prominente KP-lid met sterk bande met Europese ekstremiste, Clive Derby-Lewis, en sy vrou is ook in verband met die moord in hegtenis geneem.[65]

Die onstabiliteit van die oorgangstyd is vererger deur die regse terreurdade en het die potensiaal gehad om grootskaalse vernietiging aan die gang te sit. Polisie-optrede in hierdie tyd was 'n doeltreffende teenvoeter. Daar was verskeie inhegtenisnemings wat 'n

---

[62] G. van der Westhuizen & N. Bezuidenhout, "Regse bomplanters betrap", ***Beeld***, 10 Feb. 1994, p.1.

[63] ***Weekly Mail***, 8 Jan. 1993: report.

[64] ***The DailyNews***, 24 Feb. 1993: report.

[65] ***Die Volksblad***, 21 Apr. 1993: berig.

waarskuwing aan terreurbendes was dat die polisie nie sou huiwer om teen regse en linkse wetsoortreders op te tree nie.[66]

3.4.2 Die totstandkoming van die Volksfront

Tydens 'n byeenkoms van 15 000 ontevrede boere in Mei 1993 op Potchefstroom het generaal Constand Viljoen, afgetrede hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, onverwags en onvoorbereid in die politieke kollig beland. Die ontevrede boere het bedreig gevoel deur 'n vlaag moorde op blanke boere landwyd en hulle het geworstel om deur 'n ernstige droogte te kom. Daarbenewens het die regering hul landbou-subsidies gesny. Viljoen is deur die aanwesiges geroep om hulle toe te spreek. Hy het die skare aan sy voete gehad met sy toespraak en sy uitspraak dat die ANC waarskynlik steeds 'n rewolusionêre strategie nastreef en dat die aanvalle op boere deel daarvan uitmaak. Hy het gesê dat die regering sy onderhandelinge met die ANC behoort te beëindig en eers aandag aan die veiligheidsituasie in die land moes gee. Die reeds opgesweepte skare het Viljoen summier verkies om aan hulle leiding te gee. Sy verkiesing as regse leier sou deurslaggewend wees ten opsigte van die fyn balans tussen geweld en redelikheid in die blanke regtervleuel.[67]

Dit was gou duidelik dat die boere in Viljoen 'n militêre leier gesien het, wat hulle sou kon lei in 'n "Derde Boere-oorlog" om die Afrikanervolk te red nadat die staatshoof, De Klerk, as 'n etniese verraaier deur baie blankes gebrandmerk is.[68]

Meegesleur deur 'n stroom van entoesiasme het verteenwoordigers van al die kibbelende regse organisasies in Pretoria by die hoofkantoor van die Transvaalse Landbou-unie (TLU) vergader en 'n verenigde front gevorm. Die Afrikaner Volksfront sou alles in die stryd werp vir die vorming van 'n Afrikanervolkstaat of tuisland. 'n Volksfrontraad is gevorm, waarin die leier van die KP, Ferdi Hartzenberg, dit bewerkstellig het dat alle regse parlementslede as lede sou dien en sodoende verseker het dat die KP dit sou kon beheer. Hy is ook as voorsitter verkies. Vier afgetrede generaals is saam met Viljoen aangewys om 'n Boere-weermag bestaande uit boere, myners en burgermaglede op die been te bring.[69]

---

66 Beeld-kommentaar, "Teenvoeter", ***Beeld***, 9 Feb. 1994, p.8.

67 A. Sparks, ***Tomorrow is another country*** ..., p.200.

68 A. Sparks, ***Tomorrow is another country*** ..., p.200; F. Linde, "Moenie die politiek of leiers te ernstig benader", ***Beeld***, 24 Aug. 1991, p.8..

69 A. Sparks, ***Tomorrow is another country*** ..., p.201.

Spanning tussen Viljoen en die KP-leierskap het vinnig ontstaan. In hul naderende politieke ooreenkoms het beide die regering en die ANC die regse eise vir 'n eie volkstaat verwerp. Hartzenberg, as Volksfront-verteenwoordiger, het hom van die onderhandelinge wat daar tussen die regering, die ANC en ander partye plaasgevind het, onttrek. Viljoen was gekant teen Hartzenberg se besluit. Hoewel hy self kort tevore De Klerk aangeraai het om die onderhandelinge op te skort totdat die veiligheidsituasie verbeter het, was hy van mening dat dit 'n strategiese flater vir die blanke regtervleuel sou wees om van die proses te onttrek, aangesien die gevaar bestaan het dat hulle hulself daardeur sou marginaliseer. Hy wou deel hê aan die onderhandelinge omdat die regses daarsonder slegs een opsie sou hê, naamlik die militêre, 'n opsie waarin hy vanweë sy ervaring tydens die stryd teen SWAPO in Namibië, nie werklik geglo het nie.[70]

Viljoen en Hartzenberg het tot 'n vergelyk oor hulle botsende standpunte ten opsigte van onderhandeling gekom: Die KP sou buite die onderhandelinge bly, maar die Volksfront-generaals sou begin met direkte bilaterale onderhandelinge met die ANC buite die Onderhandelingsraad. Op hierdie wyse het nog 'n rondte van geheime onderhandelinge begin en wel tussen die ANC en die generaals wat veronderstel was om die Boere Volksleër in 'n Derde Boere-oorlog te lei.[71]

'n Deurslaggende faktor vir die regse onderhandelaars met die ANC was die feit dat al die ANC-verteenwoordigers 'n opregte begeerte getoon het en uiters redelik en buigsaam was in hul pogings om die regse militariste in hul soeke na 'n oplossing te akkommodeer.[72]

Beide die ANC- en Volksfront-afvaardigings het besef dat geweld en oorlog die land in 'n puinhoop sou verander en dat baie menselewens daardeur verwoes sou word, aangesien die geweldsopsie die vooruitsig van 'n lang en bitter stryd gestel het. Die regse blanke sou moontlik aanvanklik die oorhand op 'n oorlogsveld gehad het, maar alle aanduidings was dat internasionale ingryping in so 'n scenario die ANC sou bevoordeel en die realiteit was dat selfs al sou die regse blankes uiters suksesvol wees, hulle nie die getalle-oorwig van die ANC gehad het nie. In die woorde van Mandela aan Viljoen: "Julle sal ons nie almal kan doodmaak nie". Die uiteinde van die

---

[70] A. Sparks, ***Tomorrow is another country*** ..., p.201.

[71] A. Sparks, ***Tomorrow is another country*** ..., p.201.

[72] A. Sparks, ***Tomorrow is another country*** ..., p.203.

samesprekings was dat beide groepe diep onder die indruk van hulle gemeenskaplike afhanklikheid van mekaar gekom het.[73]

Die Afrikaner Volksfront (AVF) het in Februarie 1994 'n verklaring uitgereik waarin die AVF ontken het dat opdragte vir bomaanvalle gegee is.[74] Die feit dat van hulle lede deur die polisie aangekeer is, het die AVF genoop om die volgende verklaring te maak: "Dit wil lyk of die mense gefrustreerd is omdat die aspirasies van die Afrikaner nog nie met onderhandelinge aangespreek is nie. Ons keur die bomaanvalle nie goed nie, maar het begrip vir die frustrasies waaruit dit gebore word."[75]

Die AVF en sy leier, Hartzenberg, was van meet af aan vasbeslote om nie aan die algemene verkiesing wat in die vooruitsig gestel is vir 1994 deelneem nie. Hulle sou ook nie die uitslag as bindend vir die Afrikaner of "Boerevolk" aanvaar nie.[76]

Tydens 'n nuuskonferensie op 10 Februarie 1994 het Hartzenberg aangedui dat vreedsame metodes voorkeur sal kry, maar dat geweld as opsie ter wille van selfverdediging nie uitgesluit is nie.

Die AVF het gedreig dat die organisasie nie sou toelaat dat die beplande grondwet in werking gestel word nie. Die Volksverteenwoordigende Raad van die AVF sou namens die "Afrikaner / Boerevolk" en met die samewerking van die ander lede van die Vryheidsalliansie "sy totale vermoë" aanwend om die selfbeskikkingsreg van volke, wat dit verkies, te verwesenlik. Sou die Regering en die ANC die Afrikaners, Zoeloes en die Tswanas met geweld probeer onderwerp, sou die gevolg vergelding wees.[77]

Die AVF het die grondwetlike beginsel, wat Viljoen reeds met die Regering en die ANC onderhandel het, summier verwerp, aangesien dit nie vir 'n volkstaat voorsiening gemaak het nie. Hoewel die onderhandelde beginsel vir selfbeskikking voorsiening gemaak het, was die toepassingsmoontlikhede daarvan beperk tot dorpe en provinsies. Vir Hartzenberg was die beskerming van die Afrikaners se taal en kultuur nie voldoende nie, aangesien 'n volk sonder 'n land na sy mening soos 'n boer sonder 'n plaas is.[78]

---

[73] A. Sparks, ***Tomorrow is another country*** ..., p.204; P.L. Berger & B. Godsell, ***A future South Africa*** ..., pp.235-239.

[74] G. van der Westhuizen, "SAP kan dalk nog bomplanters vang", ***Beeld***, 9 Feb. 1994, p.4.

[75] G. van der Westhuizen, "SAP kan dalk nog bomplanters vang", ..., p.4.

[76] P. Kruger, "Uitslag van stemming sal ook nie as bindend aanvaar word nie! Verkiesing: regses sê nee", ***Beeld***, 11 Feb. 1994, p.1.

[77] P. Kruger, "Uitslag van stemming sal ook nie as bindend aanvaar word nie! Verkiesing: regses sê nee", ..., p.1.

[78] P. Kruger, "Uitslag van stemming sal ook nie as bindend aanvaar word nie! Verkiesing: regses sê nee", ..., p.1.

Tot met die verkiesing het Terre'Blanche volgehou dat dit nie vir enige politieke groep moontlik is om te regeer of 'n verkiesing te hou sonder die steun van die Afrikanervolk, die Zoeloes en die Tswanas nie. Bloedige geweld is voorspel (en beloof!) in die gebiede waar die drie volke die sterkste verteenwoordig was. Eduan Grobbelaar, 'n koerantverslaggewer van *Beeld,* som die situasie in die land op met die woorde: "Die Regering wil onderhandel en die AWB verset hom daarteen. Dit kom neer op 'n konstitusionele verskil tussen 'volk' en 'staat' - die moontlike begin van 'n burgeroorlog in Suid-Afrika." [79]

In die regses se poging om almal met regse sentimente saam te bind ten einde getalsgewys te groei ter wille van groter bedingingsmag, is Viljoen genader om deel te hê aan die beplande verset. Hy is waarskynlik veral vanweë sy militêre kundigheid geïdentifiseer om as moontlike leier en beplanner op te tree indien die verset op wapengeweld sou uitloop. Viljoen se aanvanklike gedagterigting was dat die volkstaat, waarvan hy 'n voorstander was, en die nuwe Suid-Afrika polities los van mekaar, maar ekonomies ineengevleg moes wees. Dit sou impliseer dat swart mense vir blankes sou kon werk en met hulle besigheid bedryf, maar geen regte sou hê nie. Vanuit hierdie perspektief het hy begin onderhandel met die Regering en die ANC oor die erkenning van die selfbeskikkingsreg van volke.[80]

3.4.3 Die gebeure op die vooraand van die verkiesing

In die spanningsvolle dae voor die sperdatum vir registrasie om deelname aan die verkiesing het die Afrikanerpartye mekaar oudergewoonte skerp met woorde bygekom. Veral die NP se versoek dat die AVF se ondersteuners vir die NP moes stem ten einde die ANC teen te staan, het bitter reaksie en kritiek ontlok. Viljoen het aanvanklik geargumenteer dat 'n stem vir die NP die reeds gebrekkige grondwet verder sou verskans. Voor sy dramatiese registrasie van die Vryheidsfront as politieke party was hy van mening dat, indien die meerderheid Afrikaners nie aan die verkiesing deelneem nie, die uitslag nie moreel bindend vir die Afrikanervolk sou wees nie.

Die gevoel van die KP, by monde van Hartzenberg was dat die NP en ANC in die geheim 'n "drakoniese" grondwet saamgeflans het. Die NP het volgens hom die "kommunistiese monster" losgelaat en later "roemloos voor hom gekapituleer". Ook

---

[79] E. Grobbelaar, "Afrikaners skiet lank op mekaar", ***Beeld***, 12 Aug. 1991, p.10.

[80] Beeld-kommentaar, "Skisopretoria", ***Beeld***, 11 Feb. 1994, p.8.

vanuit AWB-geledere is gevoel dat die NP die jarelange regse weerstand teen kommunisme vir eie gewin wou inspan om 'n beter indruk by die stembusse te maak.[81]

Op 15 Februarie 1994 het lede van die Pretoria-Boerekommandogroep (PBMG) lemmetjiesdraad rondom die terrein van die Akasia stadsraadkantore gespan. Sandsakke is ook in die vorm van masjiengeweerneste op strategiese plekke binne die terrein opgestapel. Werkers van die stadsraad, wat die instelling van 'n volkstaat gesteun het, het op die sandsakke uitgespan as deel van 'n "simboliese versetaksie" teen die inwerkingstelling van die Oorgangswet op Plaaslike bestuur.[82]

Die aankondiging van Kobie Coetsee, Minister van Verdediging, dat die weermag die wapens gaan terugtrek van kommando- en burgermaglede wat dit "wangebruik", het skerp kritiek en weerstand uitgelok. Die AWB het 'n beroep op lede van die Weermag gedoen om nie daaraan gehoor te gee nie.[83]

Die keerpunt in die regse verset was die regse hulpverlening aan president Lucas Mangope van Bophuthatswana gedurende Maart 1994. Mangope het as outoritêre leier slegs met die ondersteuning van die polisie en die weermag aan bewind gebly. Deur sy naïewe optrede het die AWB betrokke geraak by die konflik, wat op 'n tragedie vir regses geëindig het. Met privaatmotors het AWB-lede Bophuthatwana halsoorkop binnegeval in 'n operasie wat allermins as "militêr" beskryf kan word.[84]

Vernietigende magte het oorgeneem in die chaos. Vyf AWB-lede is doodgeskiet deur Bophuthatswana-soldate, wat hul rug op hul leier, Mangope, gedraai het en op die voorpunt van die aanslag teen hom was. AWB-lede is beskuldig daarvan dat hulle selfs in hul verbyry deur die strate swart mense afgemaai het. Dit was duidelik dat die AWB se inval in Bophuthatswana emosioneel gefundeer was, dat die organisasie se doelstellings met die operasie vaag was en die leierskap hopeloos. Die Suid-Afrikaanse Weermag moes ingespan word om die plundery en moorde te beëindig en orde te skep. Bykans 50 mense het gesterf in die bloedbad in Mmabatho.[85]

Duisende regse Suid-Afrikaners, wat hul hoop gevestig het op die dinamiese demagogiese leierskap van Eugene Terre'Blanche, sy Wenkommando en Ystergarde, is

---

[81] G. van der Westhuizen, "Regses kap NP oor stem oproep op AVF-, AV-lede", ***Beeld***, 15 Feb, 1994, p.2.

[82] G. van der Westhuizen, "Regses kap NP oor stem oproep op AVF-, AV-lede", ..., p.2.

[83] G. van der Westhuizen, "Regses kap NP oor stem oproep op AVF-, AV-lede", ..., p.2.

[84] T.R.H. Davenport & C. Saunders, ***South Africa: a modern history***, p.566

[85] ***The Star***, 16 Mar. 1994: report.

ontnugter. Die vernedering van die AWB in Bophuthatswana het onmiddellik vrese laat ontstaan dat die AWB in klein splintergroepe sou opbreek, wat wild en wakker terreur en sabotasie sou kon pleeg.[86]

In Julie 1998 het 'n verslag van 'n regterlike kommissie na die Bophutatswana-gebeure verskyn. Volgens die Tebbutt-verslag moes die AWB-leier, Eugene Terre'Blanche, asook lede van sy beweging se topstruktuur, strafregtelik vir die dood van vyf mense verantwoordelik gehou word en aangekla word. Die Tebbutt-kommissie van ondersoek het bevind dat Viljoen, Hartzenberg en ander leiers van die destydse Afrikaner-Volksfront, asook die Suid-Afrikaanse regering en die Suid-Afrikaanse polisie en weermag, niks gedoen om te keer dat die gewapende regses na die geweldgeteisterde gebied opruk nie. Regter Pat Tebbutt het die gebeure in Maart 1994 bestempel as 'n waterskeiding in Suid-Afrika se politieke geskiedenis Volgens hom was dit tragies dat heelwat mense met hul lewens moes boet, maar baie ander lewens is gespaar omdat militante regse geweld daar in die kiem gesmoor is [87].

Op die vooraand van die verkiesing kon die onderskeie regse groeperinge, wat in alliansie was, steeds nie ooreenkom oor die gebied wat hulle as volkstaat sou eis of wou verower nie. As knap strateeg het Viljoen besef dat hy en diegene wat dieselfde idees as hy gehuldig het, nie die risiko van militêre optrede en die gepaardgaande lewensverlies, wat noodwendig daaruit sou vloei, wou volg nie. Sy motivering vir sy optrede in die nag van 14 Maart 1994, toe hy die Vryheidsfront ter elfder ure as politieke party, wat aan die verkiesing sou deelneem, gaan registreer het, was hoofsaaklik die hoë risiko van militêre optrede. Hy het besef dat dit 'n bykans onmoontlike taak sou wees om 'n grondgebied, wat eerstens nie duidelik omlyn was nie, en tweedens te groot was om vinnig te onderwerp en te beheer, militêr suksesvol te verower. Die reaksie op sy registrasie van die Vryheidsfront was oorweldigend. Vanuit regse geledere is hy summier van verraad beskuldig. Hy is ook daarvan beskuldig dat hy in regse geledere geplant was om regse eenheid te ondermyn. In November 2000 het Terreblanche verraad in regse geledere uitgesonder as een van die redes vir die mislukking van regse verset en in dié verband in besonder na die optrede van Viljoen verwys. As militêre leier

---

[86] J.H. le Roux, "Violence and intimidation during the election campaign: a review", ***Joernaal vir Eietydse Geskiedenis***, vol. 19, no. 2, Sep. 1994, p.107.

[87] G. van der Westhuizen, "Kla ET aan oor BOP-slag, sê regter. Regering en regses loop deur", ***Beeld***, 13 Jul. 1998, p.1.

van formaat was hy, volgens Terre'Blanche, die aangewese persoon om leier van die beplande verset en uiteindelike afskeiding te wees[88]

Die realiteit van Viljoen se besluit was dat hy homself oornag in die kookpot van die politieke proses bevind het en 'n politieke party moes lei, wat op daardie stadium geen logistieke basis of definitiewe gevolg gehad het nie, maar wat binne weke aan 'n verkiesing, beslissend vir die land se toekoms, moes deelneem.[89]

Sy besluit het skokgolwe deur die land gestuur. Hy is enersyds wyd veroordeel dat sy optrede die Afrikanervolk verdeel het, maar het andersyds byna onmiddellik geweldige steun van die meer gematigde regse Afrikaners, wat deurentyd nie werklik die militêre opsie as oplossing vir die land se probleme ondersteun het nie, gekry.

Baie glo dat Viljoen se diplomatiese en gematigde optrede in die tyd voor die verkiesing die uiters plofbare situasie waarvan die land was, in 'n groot mate ontlont het, hoewel die spanning tot na die verkiesing daagliks voelbaar was en byna breekpunt bereik het.

In hierdie tyd het Viljoen 'n akkoord met die NP-regering en die ANC aangegaan waarvolgens beginsel 34 by die onderhandelde grondwet gevoeg is. Beginsel 34 het daarop neergekom dat niks die idee van selfbeskikking mag verhoed nie. Hy het later aan die spits gestaan van die Volkstaatraad as 'n grondwetlike liggaam, wat die moontlikheid en wenslikheid van 'n volkstaat ondersoek en bevorder.[90]

Vinnige destabilisering van veral die voormalige tuislande deur die ANC het Suid-Afrika in die weke voor die verkiesing in chaos en geweld gedompel. Meer as 30 bomontploffings het die Vrystaat en Transvaal gedurende Januarie 1994 geruk. Dit wou voorkom asof veral die AWB en die Boere-Weerstandsbeweging daarvoor verantwoordelik was. Die polisie se optrede teen vermeende regse bomplanters het tot in Verre Noord-Transvaal uitgebrei en regses op Potgietersrus is op heter daad betrap toe hulle na bewering 'n bom wou plant. Twee AWB-lede is in Wes-Transvaal aangekeer in verband met die vlaag bomaanvalle in die gebied.[91]

Op 15 April 1994 het Viljoen as leier van die Vryheidsfront sy kommer uitgespreek oor die skade wat bomontploffings toenemend op dorpe in Wes-Transvaal aangerig het. Die

---

[88] E. Terre'Blanche, Telefoniese onderhoud, 11 November 2000.

[89] P. Liebenberg, Telefoniese onderhoud, 27 September 1999.

[90] Dr. P. Liebenberg {Vryheidsfront}, Telefoniese onderhoud, 27 September 1999.

[91] G. van der Westhuizen & N. Bezuidenhout, "Regse bomplanters betrap", ..., p.1.

vraag het ontstaan waarom bomontploffings toenemend op ondernemings en individue gemik is en in hoe 'n mate die dade werklik politities geïnspireer is.[92]

Teen hierdie agtergrond het die AWB en die Afrikaner Volksfront 'n eie afsonderlike staat in Wes-Transvaal beplan, wat hulle volgens propaganda ten alle koste en met geweld sou verdedig. Die Boere Krisis Aksie en ander regse groeperinge het gedreig om die land gedurende die verkiesing deur middel van terreur lam te lê. Hulle sou hulle veral toespits op die SAUK en ander kommunikasiedienste, die sabotering van watervoorrade en elektriese installasies.[93]

Op hierdie stadium het Mandela die regses ernstig gewaarsku oor wat die gevolge van hul beplande optrede sou wees. Op sy beurt het hy gedreig met die ontplooiing van Umkhonto we Sizwe (MK) teen hulle.[94]

Die AWB-leier het op sy beurt met 'n volskaalse oorlog gedreig indien daar nie aan die Afrikaners se eise vir 'n eie republiek toegegee word nie. Hy is deur die staatspresident, F.W. de Klerk, gewaarsku dat die regering enige regses gewapende opstand sou onderdruk.[95]

Die dreigemente van die verregses was egter nie ydel praatjies nie. Minder as 48-uur voor die verkiesing het die kragtigste bom ooit in Suid-Afrika in Johannesburg ontplof en geweldige skade en lewensverlies tot gevolg gehad. Nege mense is gedood en meer as 100 is beseer, terwyl miljoene rande se skade aangerig is in die ontploffing waarvoor die Blanke Bevrydingsbeweging verantwoordelikheid aanvaar het.[96] Brute geweld het binne dae landwyd losgebars.

In die paar dae voor die verkiesing het bomontploffings die land byna daagliks geruk. 'n Petrolinstallasie naby Vereeniging, 'n telefoonsentrale naby Nylstroom, huurmotorstaanplekke in Randfontein en Westonaria, stemlokale in Steynsburg en die hofgebou in Bloemhof was die teikens van regse geweld.

In Pretoria het 'n kragtige bomontploffing twee lewens geëis en 29 mense beseer. Hierdie ontploffing is gevolg met 'n ontploffing in Germiston waarin 10 mense dood en 41

---

92 L. Laubscher, "VF bekommerd oor bomme in Wes-Transvaal", ***Beeld***, 15 Apr. 1994, p.2.

93 ***Die Volksblad***, 21 Apr. 1994: berig.

94 J.H. le Roux, "Violence and intimidation during the election campaign: a review", ..., p.110.

95 Beeld-span, " Tien bomme: Polisie warm op die spoor", ***Beeld***, 26 Apr. 1994, p1.

96 ***Die Volksblad***, 26 Apr. 1994: berig.

beseer is. Terselfdertyd is talle internasionale vlugte ontwrig en vertraag deur 'n bomontploffing by Jan Smuts-lughawe.[97]

Tien bomontploffings en 'n vlaag van vrees het die land vanaf 23 tot 26 April 1994 getref. Dit wou voorkom asof die land op die rand van 'n burgeroorlog was.

De Klerk het in die parlement gesê dat die verantwoordelikes oorlog teen die Suid-Afrikaanse nasie verklaar, maar dat hulle nie daarin sou slaag om die verkiesing te ontwrig nie.[98]

Vanuit alle oorde is dreigemente geuiter dat die terroriste, wat vir die terreurdade verantwoordelik was, genadeloos gejag sou word. 'n Beloning van R1 miljoen is aangebied vir inligting oor die ontploffings en illustreer die regering se erns om die saak op te los en geweld te bekamp.[99]

Gebeurlikheidsplanne is in werking gestel om te verseker dat die kiesers in die veiligste moontlike omstandighede kon gaan stem. Sekere gebiede is afgesper en deursoek om die kans op verdere ontploffings en gruweldade te voorkom. Geïdentifiseerde gebiede is gepatrolleer, politici is beskerm en politieke partye se kantore is voortdurend dopgehou.

Die ontplooiing van meer as 100 000 polisiemanne en -vroue, bygestaan deur lede van die weermag, het die veiligheid van die kiesers by stembusse landswyd verseker.[100]

Deur vinnige en effektiewe optrede gedurende April 1994 het die polisie 31 lede van regse bewegings in Rustenburg en Ventersdorp gearresteer en tydens klopjagte beslag gelê op baie wapens en ploftoestelle naby Brits en Pretoria. Vyftien landdrosdistrikte in Wes-Transvaal is as onrusgebiede verklaar waarin militêre opleiding verbied is.[101]

Terreurdade het byna onmiddellik na die polisie-optrede afgeneem en die bomontploffings was iets van die verlede. Dit wou voorkom asof die regse radikales 'n beperkte en geïsoleerde groep, gemotiveer deur vrees vir die nuwe politieke bestel en geïntimideer deur die bedreiging van hulle historiese lewenstyl van bevoorregting was. Hulle verset was nie genoegsaam gekoördineer of omvangryk genoeg om die oorgang na 'n demokratiese bestel te destabiliseer nie.

---

97 Beeld-span, "Tien bomme: polisie warm op die spoor", ***Beeld***, 26 Apr. 1994, p.1.

98 Beeld-span, "Tien bomme: polisie warm op die spoor", ***Beeld***, 26 Apr. 1994, p.1.

99 Beeld-span, "Tien bomme: polisie warm op die spoor", ..., p.1.

100 J.H. le Roux, "Violence and intimidation during the election campaign: a review",... p. 111.

101 J.H. le Roux, " Violence and intimidation during the election campaign: a review", ...p.111.

3.5 Redes waarom die regse verset nie meer effektief was nie

Die implikasies van regse geweld in Suid-Afrika was angswekkend, aangesien dit tot 'n ongekende wit-swart botsing in Suid-Afrika kon lei. Dit sou fataal wees om die dreigemente van die regses nie ernstig op te neem nie. Gelukkig het dit ná die relatief vreedsame inhuldiging van die nuwe meerderheidsregering begin lyk asof die regse leiers die implikasies van geweld, veral die lewensverlies en ekonomiese effek daarvan, gesnap het en voorbrand begin maak het vir konstitusionele oplossings eerder as geweld. Die regse weerstand in Suid-Afrika sedert 1990 is gevolglik aanvanklik gekenmerk deur hoofsaaklik bomontploffings en later deur ontploffings en brandstigting gesamentlik of slegs brandstigting. Die tendens dat ontploffings gevolg of aangevul is deur insidente van brandstigting teen die einde van 1993 kon 'n aanduiding wees dat die regses moontlik nie so goed toegerus was ten opsigte van wapens as wat aanvanklik vermoed en gevrees is nie. Die arsenaal wapens en ammunisie, wat aan die begin van 1993 by Welkom gesteel is en waarvoor 'n AWB-lid aangekla is, versterk hierdie hipotese.

Dit wil voorkom asof die bomontploffings en die voorvalle direk voor die verkiesing grotendeels die werk van ekstremiste was, wat op eie houtjie opgetree het. Die swak leierskap van Terre'Blanche, die onrealistiese beskouinge van die AWB en hul gebrek aan beplanning en koördinasie was alles faktore wat die regse weerstand laat misluk het.

Die voorkoms en frekwensie van die bomontploffings dui daarop dat die regse weerstand nie as 'n eenheidsbeweging gefunksioneer het nie, maar dat klein splintergroepe gefragmenteerd opgetree het. Die AWB, die Boere Republikeinse Leër, die Wit Wolwe en die Orde Boerevolk het ongekoördineerd en sporadies opgetree. Van 'n militêr beplande massaverset was daar geen sprake nie, veral aangesien elk van die groepe hulle eie ideologiese grondslae gehad het en verdeeld was oor die beste strategie om doelwitte te bereik.

Die verset deur al die groepe het egter dieselfde vorm en patroon aangeneem: sporadiese en wydverspreide bomontploffings waarvan die primêre gevolg skade aan eiendom was. Byna al die ontploffings het plaasgevind op tye dat die persele wat gesaboteer is, leeg was en die moontlikheid van menslike aktiwiteit daar skraal was. Uit hierdie modus operandi van die onderskeie versetgroepe kan afgelei word dat die bomontploffings sodanig beplan is dat lewensverlies vermy is. Die terreurdade is

moontlik gepleeg om as afskrikmiddel te dien vir die regering in sy onderhandelinge met swart politieke groeperinge.

'n Bepalende faktor in die verset was die optrede van die Suid-Afrikaanse Polisie, wat meestal suksesvol was in die opspoor van vermeende bomplanters. Die polisie en weermag het 'n primêre rol gespeel in die stabiliseringsproses in die land. Vanweë die lojaliteit van veral die topstruktuur in die polisie en die weermag, kon die impak van die regse verset beperk word. Die effektiewe optrede van die gewapende magte versterk die idee dat net 'n klein groepie blankes werklik bereid was om tot geweld oor te gaan. Deurdat die wet sonder vrees of voorbehoud teen enige en elke wetsoortreder in die oorgangstyd toegepas is, is 'n bloedbad in Suid-Afrika voorkom.

Die bloedige regse inval in Bophuthatswana en verskerpte regse terreurdade direk voor die verkiesing het hierdie scenario vernietig. Desnieteenstaande was die totale lewensverlies as direkte gevolg van regse terreur minimaal (75 sterftes en 170 beseerdes) in vergelyking met die 13 724 lewens wat ingeboet is as direkte gevolg van die geweld tussen ANC en IVP-ondersteuners van Januarie 1994 tot aan die einde van Maart 1994 in Kwa-Zulu Natal.[102]

Die totale regse weerstand kan opsommend beskryf word as gefragmenteerde voorvalle van geweld met minimum lewensverlies wat sporadies en lukraak gepleeg is ter wille van maksimum sielkundige effek op die totale bevolking. Die sterk optrede en dreigende houding van die NP-regering in die bekamping van hierdie dade en die vervolging van regses, wat daarmee verbind kon word, het die regse weerstand geweldig geknou. Die inval in Bophuthatswana het die hele Suid-Afrika 'n blik gegee op die aaklighede van 'n burgeroorlog en vir baie was die eenmalige kennismaking skrikwekkend genoeg.

Die regse weerstand in Suid-Afrika was gevolglik verby alvorens die verskillende regse groeperinge behoorlik gemobiliseer het. Die hoofrede hiervoor is waarskynlik te vind in die wese van die regse hoofrolspeler, naamlik die AWB. As voorloper en grootste versetgroep kan die AWB nouliks as 'n weerstandsbeweging in die ware sin van die woord beskou word. In sy wese het die AWB gebly wat hy is: hoogstens 'n Afrikaner subkultuur.

Terugskouend blyk die unieke verloop van die politieke oorgang in Suid-Afrika, in teenstelling met alle verwagtinge, in 'n groot mate te danke te wees aan die erns wat veral deur die NP gemaak is om alle partye by die onderhandelinge oor die nuwe bestel

---

[102] J.H. le Roux, "Violence and intimidation during the election campaign: a review", ..., p.85.

en die eerste demokratiese verkiesing te betrek. Talle pogings is deurentyd aangewend om alle belanghebbendes te akkommodeer. Selfs tot kort voor die finale sperdatum het president F.W. de Klerk die Zoeloekoning in Durban probeer oortuig dat die Inkatha-Vryheidsparty wel aan die verkiesing moes deelneem; het die regering, die ANC en die AVF opnuut onderhandel oor die AVF se eis om selfbeskikking en was Mandela en Mangope in gesprek oor die situasie in Bophuthatswana. Een van die vernaamste beweegredes vir die pogings om die AVF tegemoet te kom, was klaarblyklik om die wind uit die seile van die, op daardie stadium nog, oorlogsugtige regses te neem.[103]

Die rede waarom so min blankes bereid was om tot geweld oor te gaan moet verder gesoek word in die feit dat 'n baie groot deel van hulle teen die einde van die laat twintigste eeu opgeleide en professionele mense was wat 'n goeie begrip van die politieke werklikhede gehad het en besef het dat gewelddadige verset futiel sou wees en in elk geval byna eenparig in die buiteland verdoem sou word. Dit was juis die wete dat baie, waarskynlik die meeste Afrikaners, besef het dat apartheid en rssediskriminasie beëindig moet word, wat die De Klerk regering laat besluit het dat hulle genoeg steun gehad het om ingrypende hervormings deur te voer. Soos Terre'Blanche self in 'n telefoniese onderhoud aangedui het, het die vernaamste politieke, intellektuele en godsdienstige leiers almal die regering se hervormingsbeleid gesteun en was die meeste Afrikaners steeds geneig om hul leiers te volg.[104]

---

[103] P. Kruger, "Laaste poging om VA-lede in te trek by eleksie", ***Beeld***, 14 Feb. 1994, p.1.

[104] E. Terre'Blanche, Telefoniese onderhoud, 11 November 2000.